Pretoria

bygedra deur Bill Prinsloo SC
Pretoriase Balie

Acting appointments

SINCE publication of the last edition the following members of the Bar held acting appointments: Sithole SC, Neser SC, Nick Maritz SC, Vorster SC, Terblanche SC and Van den Heever SC.

Nuwe lede en pupille

In Augustus 1997 het die Pretoriase Balie 321 lede gehad. In Augustus het daar weer 23 pupille met hul opleiding begin.

Official opening of the New Court Chambers

On 16 April 1997 the New Court Chambers in Paul Kruger Street were officially opened during a cocktail function held on the new premises.

One of the speakers was Judge President C F Eloff who also unveiled a plaque to commemorate the occasion. In a sense history repeated itself because Judge Eloff is a direct descendant of President Paul Kruger who, at the turn of the century, unveiled the corner stone of the Palace of Justice which is situated in the same street and only a block to the South of the New Court Chambers.

The building presently houses about 50 members who, by all accounts, are enjoying their new chambers. A new floor is due to be opened up for additional members in the near future.

Sosiale nuus

Die jaarlikse Investec aflos

Soos gewoonlik het die Balie weer 'n paar spanne ingeskryf om aan hierdie wedloop deel te neem. Oudergewoonte het die Pretoriase Balie ook weer die "Fleet of Voet"-trofee verower nadat die eerste span afgereken het met die span van die Johannesburgse Balie.

By die gebruiklike plegtigheid na afloop van die wedstryd is die trofee namens die regbank deur regter Jonathan Heher oorhandig aan die kaptein van die Pretoriase span, Michiel Botha SC.

Trout fishing expedition to Dullstroom

During May members from the 10th Floor travelled to Dullstroom one weekend on a trout fishing expedition. Their efforts were met with no more than moderate success but, by and large, the trip was a memorable one. Rumour also has it that the Dullstroom Inn will never be quite the same again.

Nantes Diedericks en sy trekklavier

Nantes Diedericks, wat al op vyfjarige ouderdom begin musiek maak het, het nou as 'n baie bedrywige en gewilde musikant ontpop.

Sy orkes, die Triple A Musiekgroep, het in 1995 gereeld opgetree by funksies om die 75ste bestaansjaar van die Suid-Afrikaanse Lugmag te vier en in 1996 het hulle die parlementêre rugbyspan na Engeland en Frankryk vergesel waar hulle opgetree het by verskeie van die Springbokke se onthale, onder andere by die Suid-Afrikaanse Ambassade in Frankryk, die Franse Senaat en by 'n geleentheid waar die Franse Olimpiese Bodkomitee hulle Olimpiese bod geopenbaar het aan die Suid-Afrikaanse Parlement. Hulle het ook in België opgetree en by hulle terugkeer 'n kompakskyf gemaak wat in Julie vrygestel is. Die groep het ook tydens die Leeu-toer en die Drie-Nasies reeks by Springbokonthale musiek gemaak.

Hulle vertrek weer in November 1997 saam met die parlementêre rugbyspan as gaskunstenaars na Engeland waar hulle na afloop van die Twickenham-toets by die Springbokonthaal in London gaan speel. Dit gaan al hoe erger word want in 1998 gaan hulle België toe vir 'n bierfees en later die jaar Rusland toe vir die opening van 'n tennisstadion!

Ons wens Nantes van harte geluk met al hierdie prestasies en vertrou dat hy darem nog tyd sal hê om sy praktyk aan die gang te hou.

Pierre de Waal en sy Go-Kart

Nog 'n voorbeeld van veelsydigheid van die Pretoriase Balie is die Go-Kart renjaer Pierre de Waal. Hy ding mee in die 125cc Grand Prix-klas en hy sê sy karretjie is in staat tot 220km per uur. Dit versnel van 1-100km in 3 tot 4 sekondes! 'n Mens moet aanvaar dat as hy hierdie voertuigie tot sy beskikking het, dit vir hom goed moontlik sal

At the unveiling of the plaque on the occasion of the official opening of the New Court Chambers: Dan Neser SC with Judge President CF Eloff.



In ligte luim na afloop van die afloswedstryd verskyn van links na regs oudregter Rex van Schalkwyk, Michiel Botha SC [met die wenbeker] en regter Ben du Plessis.

Die vermaarde forelhengelaars van die 10de vloer. Van links na regs verskyn Paul van Ryneveld [wat die grootste vis gevang het], Julian Dreyer SC en Frans Arnoldi. Voor sit André Horak. Agter staan Paul se bakkie.

Pierre de Waal in sy Go-Kart.

wees om in een dag in die landdroshof én in die hooggeregshof te verskyn!

Pierre lê tans sewende of agste in die nasionale kampioenskapreeks en hy het reeds een been van die Vrystaatse streekkampioenskap gewen.

Langs hierdie weg wens ons vir Pierre geluk met sy prestasies maar wil hom tog maan om maar sy valhelm byderhand en sy lewensversekering op datum te hou.

In memoriam

Ons het met leedwese verneem van die afsterwe op 6 Desember 1997 van mev Gerda Erika Eloff, eggenote van regter-president C F Eloff.

Ons betuig langs hierdie weg ons medelye aan regter Eloff asook sy seuns Christo [lid van die Johannesburgse Balie], Pierre en sy dogter, Friedel, en ses kleinkinders.

Johannesburg

THE Johannesburg Bar celebrated the appointment of Chief Justice Ismail Mahomed at a dinner in his honour on 25 June 1997.

The function was attended by, inter alia, the President of the Constitutional Court, judges from the Supreme Court of Appeal and the Constitutional Court, Judges President and judges from the High Courts, the Labour Appeal Court, foreign countries and also the vice-president of the International Court of Justice.

The address by the Chief Justice is published on page 117 of this issue.

From Steuart & Francis *Queen's Counsel (London)*